KLEM VERSKUIF NA VENNOOTSKAPSVERHOUDINGE

Uitreike bly ‘n belangrike deel van gemeentes se bediening. Aktiewe gemeentes het allerlei uitreikprojekte in hulle eie omgewing, na ‘n middestad of ‘n naburige woonbuurt. Baie gemeentes het ook jaarlikse uitreike na ‘n “sendingveld”, iewers ver oor die grense heen, na een of ander gebied in ’n buurland of oorsee. Uitreikspanne is nou reeds besig met beplanning vir die groot uitreik seisoen in die wintervakansie. Geld word ingesamel en ‘n klomp energie en tyd word aan die uitreik bestee. Om uit te gaan en verskillende grense oor te steek is mos ‘n belangrike deel van ons roeping as gestuurde gemeentes. En natuurlik beteken dit altyd weer baie vir lidmate se eie geestelike groei en die gemeente se opbou. Uitreike bly ‘n goeie, Bybelse ding!

Wanneer daar beplan word vir so ‘n uitreik, is dit belangrik om altyd weer te vra: Wat wil ons gaan doen? Wat wil ons bereik? Hoe gaan ons dit die beste bereik? Wat is die moets en moenies? Dis ongelukkig waar dat gemeentes soms met groot entoesiasme en goeie bedoelings ‘n gebied binnevaar en dan uiteindelik groter skade aanrig as goed doen. Sendelinge en plaaslike gemeentes beleef nie altyd die uitreike baie positief nie, al sou hulle dit nie hardop sê nie. Dit gebeur veral wanneer verhoudinge in die proses seerkry.

SENDING IS VERHOUDINGE

Wanneer daar uitgereik word, moet ons onthou dat verhoudinge tussen mense, veral tussen mense aan weerskante van ‘n geografiese, sosiale, ekonomiese, kulturele of rassegrens, sekerlik die belangrikste en mees sensitiewe ding is. Die belangrike vraag is nie: wat gaan ons vir die mense verkondig of leer nie? Of waarmee gaan ons hulle help en wat vir hulle doen nie? Daar was ‘n fase in die sending toe die klem op verkondiging (kerugma) geval het, op onderrig. Dit was ‘n pioniersfase toe daar nog geen kerk in ‘n gebied geplant was nie. Later, toe die jongkerke eers gevestig is, het die klem verskuif na dienslewering (diakonia), waar die ouer kerk die jongkerk ondersteun het, dinge gaan uitdeel of vir die jongkerk gedoen het. In hierdie fase is die verhouding dikwels gekenmerk deur voorskriftelikheid en afhanklikheid, soos by ‘n moeder en haar dogter. Ons is nou egter in ‘n nuwe fase, waar verhoudinge in die sentrum staan - die skep van gemeenskap (koinonia). Vanuit die gemeenskap, die saam wees in eenheid en liefde, vloei dan die saam luister na die Woord en die saam getuig, dien en aanbid. Alleen as dit by hierdie één-wees begin, by ons gemeenskap binne die ruimte van die Drie-eenheid, kan ons getuienis en diens effektief en geloofwaardig wees (Johannes 17).

VENNOOTSKAPSVERHOUDINGE

Daarom word daar vandag al hoe meer gepraat van diens en getuienis in vennootskap. Die klem skuif in ons getuienisroeping al hoe meer na vennootskapsverhoudinge. Op verskillende vlakke tree kerke, sinodes, ringe en gemeentes met mekaar in vennootskapsverhoudinge. Daar word ook vennootskappe gesluit met regerings-, en ander instansies. Sonder vennote kan ons gewoon nie meer ons roeping nakom nie. Die uitdagings is daarvoor dikwels net te groot.

‘n Vennootskap is meer as net ‘n netwerk, sporadiese ontmoetings of gesamentlike projekte. Dis waar twee instansies doelbewus en oor ‘n langer tyd met mekaar in ‘n verhouding tree en begin om saam diens te lewer en te getuig. In ‘n vennootskap is dit nie

meer die een wat iets vir die ander doen nie, nee, ons help mekaar om iets groter te bereik, om ons gesamentlike roeping uit te leef. Dit is meestal ‘n goeie en verhelderende oefening om so ‘n ooreenkoms ook op skrif te stel, die doelwitte en die raamwerke van die verhouding uit te spel en mekaar daaraan te hou. Maar dan moet die opstel van die ooreenkoms ook ‘n gesamentlike poging wees.

WAARDES WAT VENNOOTSKAPPE DRA

Dit is belangrik dat so ‘n vennootskapsooreenkoms ook ‘n klompie waardes uitspel wat geld vir ons wedersydse verhouding en ondersteuning. Enkele van die waardes behoort te wees:

- Wedersydse respek vir mekaar se selfstandigheid as kerke en vir ons unieke maniere van dink en doen, byvoorbeeld die maniere waarop besluite geneem word. Ons moet mekaar en die verbande waarbinne ons staan regtig ernstig neem. Dis daarom so hartseer as gemeentes, wat so graag “hulle eie ding wil doen”, sommer op arrogante manier ‘n gebied binnevaar, sonder om die kerk wat reeds daar is te ken of te respekteer, veral nog as dit ‘n kerk is waarmee ons amptelike verhoudinge het. So asof ons met die kort uitreik meer kan vermag as, na ons mening, “die swak ou kerkie”, wat reeds daar is!
- Dit gaan oor wedersydse ondersteuning – albei partye maak ‘n wesenlike bydrae tot die verhouding, wat nie net in geldwaarde gemeet word nie. Daar moet erken word dat albei vennote mekaar nodig het.
- Gesamentlike beplanning is nodig. Ons moet eers baie moeite doen om na mekaar te luister voordat ons begin om dinge te doen. Hier sondig baie uitreike, waar mense byvoorbeeld vanuit hulle welvaart (hulle 4x4’s, blink toerusting en avontuurlike toerisme) vragte kos en ou klere – en selfs ook Bybels! - op mense gaan stort. Hierdie “sendingtoerisme” word regtig baie neerbuigend beleef. Daarom moet die partye mekaar as gelyke vennote erken en word besluite wat die vennootskap raak gesamentlik en met konsensus geneem.
- Deursigtigheid, verantwoordbaarheid, inspraak, eerlikheid en die hou van beloftes is belangrike waardes in so ‘n verhouding.
- ‘n Vennootskapsverhouding gaan oor die volhoubaarheid van die verhouding as sodanig en nie in die eerste plek oor die uitkoms van projekte nie.
- Ondersteuning gaan oor die bou van kapasiteit en mag nooit afhanklikheid van een party aan die ander skep of in stand hou nie.

OM OOR GRENSE TE LUISTER

Wanneer gemeentes begin beplan aan die volgende uitreik, kan hulle gerus oorweeg of dit nie die moeite werd kan wees om dié keer sommer net vir ons broers en susters te gaan kuier nie. Sal dit nie goed wees om ‘n slag net saam met hulle te wees en saam na mekaar en na die Woord te luister nie! Dit is tog wat beoog word met die Seisoen van Luister, wat nou die Luister oor die grense fase binnegaan. Dalk gaan ons saam “luister oor die grense” veel meer vrug dra as ‘n hele klomp energieke projekte. En, dit gaan onsself beslis nie onaangeraak laat nie!

Gideon van der Watt